DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

**16 Oktober 2022**

Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

***Eredienste begin 09:30***

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Efesiërs 5: 6 - 20 |
| **Tema** | Gebruik jou tyd reg |
| **Sang** | Skrifberyming 18-1: 1, 3<br>Skrifberyming 12-2: 4, 5<br>Psalm 115: 1, 8<br>Skrifberyming 14-3: 3, 4<br>Psalm 92: 6, 7 |

Die jaar spoed na die einde. Ons kinders begin met eksamen. Die Bybel sê oor hoe ons ons tyd moet gebruik. Let veral op v 16: ”Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons leef in ‘n goddelose tyd”. Die ’53 vertaling lees: “Koop die tyd uit, want die tye is boos”. Die Here leer ons dat ons oor tyd moet dink soos ‘n entrepreneur, d.i. “opportunisties”. Net soos ‘n entrepreneur die heeltyd geleenthede soek om geld te maak, moet ‘n Christen geleenthede gehoorsaam soek om die wil van die Here te doen. Dink byvoorbeeld aan geleenthede om die Evangelie te deel, kinders in die vrees van die Here op te voed, jou ouers te eer, barmhartigheid te bewys, deel te wees van ‘n toerustings- of Bybelstudiegroep. Kan jy aan nog geleenthede dink waarby jy betrokke kan wees?

‘n Christen lewe onder die beheer van die Heilige Gees en deur Hom moet ons bid vir wysheid wanneer ons besluit hoe om ons tyd te bestee. Bid vir die wil van God om in die tyd wat jy in die gemeente het, diensbaar te wees. Is dit nou die tyd om met jou broer of suster te praat oor hul sonde, of is dit beter om te wag vir ‘n meer geleë tyd? Die verlede is verby, en God het reeds vir ons toekomstige behoeftes voorsien. Daarom moet ons ons energie reg bestee! Dit is wat dit in die werklikheid van die praktyk van die lewe beteken om naby die Here Jesus te leef! My gedagtes, woorde en dade is aanmekaar onder beheer van die Heilige Gees.

Saamgevat:

- Dink opportunisties oor tyd. Kyk uit vir geleenthede om goed en reg te doen.
- Dink en bid oor hoe jy elke oomblik van jou lewe inrig. Soek die wil van die Here in elke oomblik.
- Besef dat daar bepaalde tye is vir alles. Moenie probeer slaap in werkstyd of werk in slapenstyd nie.
- Moenie slap hande kry en dink jy het nou genoeg gedoen nie. Wees die heel tyd op die uitkyk vir geleenthede om goed en reg te doen en God se ligdraer te wees! Doen die regte ding.
- Besef jou tyd is beperk. (Die gemiddelde mens leef ongeveer 3600 weke). Hoeveel weke het jy nog oor om 'n verskil te maak?
- Doen elke dag vandag die beste in God se Koninkryk. Eer Hom in alles wat jy doen.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Gerhard Maritz wat Woensdag 'n hartstilstand gehad het tydens 'n prosedure. Ons is saam met julle dankbaar dat dit beter gaan. Ons bid vir Martie en Johan wat hom getrou bystaan.
* Ons bid vir Dewald Hattingh wat 'n operasie ondergaan het. Sterkte vir Sarie wat hom kalm en rustig moet hou.
* Ons bid vir Gerdien Kuijpers wat swaarkry tydens die chemo-behandeling. Ons is dankbaar dat sy positief bly al voel sy nie elke dag goed nie.
* Ons bid vir Theuns Botha wat steeds las het van die probleem met sy been. Sterkte vir julle huis en familie.
* Ons bid vir Marius Schutte wat DV Dinsdag 'n aarspesialis in Pta besoek agv die bloedklonte in sy been. Ons is dankbaar dat dit met Veronica goed gaan na haar nekoperasie.
* Baie geluk aan Theuns en Brenda Koekemoer met die geboorte van 'n kleinseun. Mag hy vir julle baie vreugde bring.
* Namens die Klassis bedank ons vir Nantes Kotze vir die werk wat hy gedoen het om alles voor te berei vir die afgelope vergadering. GK Pietersburg is elke jaar die Roepende Kerkraad. DV volgende jaar Sept is dit ons susters se beurt om die spyseniering te doen.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 16 OKT

**Diensbeurt: Wyk 12**
**Ouderling: Kudu Pretorius**

**Katkisasie: Les 20**
**Diaken: Jan-Albert Coetzee**

***Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat hulle voor die erediens in die konsistorie moet vergader.***

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE



**16 Oktober 2022**
**Annemarie vd Walt**
**Annerie vd Walt**
**Comin vd Walt**
**Koemi vd Walt**
**Louisa vd Walt**

**23 Oktober 2022**
**Wiekie van Ree**
**Nelmarie Venter**
**Toesie Weideman**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 17 Okt | 18:00 | *Kerk* | Diakens verg |
| 18 Okt | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 19 Okt | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 19 Okt | 19:00 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 20 Okt | 09:30 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 20 Okt | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |



# KALENDER



## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend / Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| So 16 Okt | ***Hannes vd Walt *****<br>Ina Buys<br>Alwine Eilers<br>Rhuné Stander | ***82***<br>54<br>51<br>9 | B<br>B<br>B<br>D | 084 602 4057<br>071 171 5635<br>082 585 5831<br>082 477 8009 |
| Ma 17 Okt | Valerie O'Reilly | 54 | B | 072 943 0973 |
| Di 18 Okt | Gideon Hoogendyk | 6 | D | 082 695 0799 |
| Do 20 Okt | Gary Carlisle | 50 | B | 082 745 7409 |
| Vr 21 Okt | Francois Lessing<br>Jaco Nel<br>Burger Grobler | 68<br>52<br>40 | B<br>B<br>B | 083 627 4191<br>083 337 3486<br>063 364 3987 |
| Sa 22 Okt | Marisa Linde | 60 | B | 083 408 2100 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| Vr 21 Okt 1989 | Willie & Alwine Eilers | 33 | 083 455 0544<br>082 585 5831 |

## KONINGSKINDERS

Lidmate wat by die **Koningskinders betrokke was of nou by hulle wil betrokke raak** word versoek om 'n vergadering op **Maandag 17 Oktober om 16:30 by Pietersburg-Noord** by te woon om weer met die werk onder minder bevoorregte kinders te begin.
Daar is beslis 'n nood in die verband en dus word lidmate versoek om te kom help.
**Vir enige verdere inligting skakel gerus vir Isobel op 084 810 8545.**

## AANDDIENSTE

Die Kerkraad het 'n besluit geneem met die Breëkerkraadsvergadering dat daar weer aanddienste sal wees.

Die dienste sal soos voorheen 'n preekbespreking na die erediens insluit. Daar sal ook relevante onderwerpe bespreek en gedebateer word.

Lidmate word ook versoek om hulle insette te gee met onderwerpe wat hulle graag sou wou bespreek.

Die aanddienste sal na die skoolvakansie begin en lidmate moet asb die Basuin dophou vir dataums en tye van die aanddienste.




## NAGMARK

Soos almal nou al weet beplan ons 'n Nagmark op Vrydag 28 Oktober.

**Die gemeente word versoek om ons asb hulp te gee met skenkings / donasies van :**

* **Suiker, olie, meel, eiers , kaneel, hulp by die stalletjies,ou klere, items vir die Wit Olifant tafel en enige ander items wat by die Nagmark verkoop kan word.**

Ons beplan om 'n reuse sukses te maak van die geleentheid en dit sal slegs kan gebeur as almal inspring en kom help en ons kom ondersteun op 28 Oktober.

# NAGMARK




Ons hou basaar ***"NEE NEE ons hou die beste NAGMARK ooit"*** op Vrydag 28 Oktober 2022.

Ons beplan om soos gewoonlik stalletjies soos **Wit Olifant tafel, koek en gebak tafel, pannekoek tafel, wors broodjies en koeldrank en water stalletjie** ens te hê. Daar sal ook 'n springkasteel en waterglybaan wees om die kinders besig te hou.

***En die beste van die aand sal die bees op 'n spit wees, vir aand ete. Kaartjies sal teen R100.00 per volwassene en R50.00 vir laerskool kinders verkoop word. Saam met dit sal daar pap en sous asook slaai en VARS gebakte brood bedien word.*** *Ete kaartjies is nou beskikbaar by die kerkkantoor asook by Daleen Coetsee.*

Lidmate en ander persone wat stalletjies wil behartig vir die aand is welkom, bv. enige handgemaakte items ens. Die stalletjie sal jou R 200.00 kos, 'n "bargain" soos min.

Enige skenkings kan nog gedoen word. - kontak vir Daleen: 079 490 2678.

Moet nie die datum vergeet nie , teken dit nou al aan op jou kalender.

# EVANGELISASIE



## Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees

Hand 16: 23…Paulus was in die tronk, hul het gebid en lofliedere gesing. Daar was 'n aardbewing en die tronkdeure het oop gegaan.

Die bewaarder het geglo hul het ontsnap en wou homself om die lewe bring. Paulus sê NEE! Ons is almal hier.

Die bewaarder het neergeval en gevra wat moet ek doen om gered te word?



## Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees

Hand 16:31  Toe sê Paulus:

Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.

32, aan hulle is die Woord van die Here verkondig en hy en al sy mense is gedoop.

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Praat saam....

- Ons het verlede keer gehoor ons almal verdien om hel toe te gaan.
- Besef jy dit?
- Nou die vraag glo jy?
- In wie, hoekom glo jy en wat glo jy.



## Praat in die krag van God

- Waarom moet jy glo?
- In wie glo jy?
- Hoe moet ek glo?
- Hoe begin ek om te glo?

Hierdie vrae sal ons in die volgende paar keer behandel.

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** Faksnommer | Nantes Kotze (015) 296 0054 (Tel/Faks) 086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248 Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005 Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005 Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005 Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005 Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd.*

*Efesiërs 5:15 & 16*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS